Lees die sederberge is nie vir sissies nie op BL. 192			**Willem Fransman**
Literêre aspekte:			
1.1	**Kies die korrekte antwoord uit Kolom B wat by die woord/stelling in Kolom A pas.**		
	KOLOM A		**KOLOM B**
1.1.1	Die verteldetyd in die binnevertelling	A	Postapartheidsera
1.1.2	Binnevertelling	B	Apartheidsjare
1.1.3	Die verteldetyd in die buitevertelling	C	21 uur
1.1.4	Ruimte	D	Die onherbergsame Sederberge wat vele uitdagings aan die stappers bied.
1.1.5	Buitevertelling	E	’n Bietjie langer as twee weke.
1.2	Wie is die buitevertelling se protagonis?		
1.3	Waarmee word Gerrie gekonfronteer?		
1.4	Wie is Gerrie se antagonis?		
1.5	Wie is die binnevertelling se protagonis?		
1.6	Watter stelsel word deur die Algeria-bosboustasie beampte verteenwoordig?		
1.7	Wie is die hoofkarakter(ronde karakter) in hierdie verhaal?		
1.8	Watter TWEE gebeurtenisse het ’n verandering in Gerrie teweeg gebring (vormende invloed)?		
1.9	Watter gevare moes oom Tiekie oorkom? Noem TWEE dinge.		
Inhoudsvrae:			
1.1	In watter graad is Gerrie?		
1.2	Waar het Gerrie-hulle daardie aand geslaap?		
1.3	Waarom was dit koud?		
1.4	Wat is die berg se naam wat hul gaan klim het?		
1.5	Wat impliseer die woorde: “ berglim is nie vir sissies nie”?		
1.6	Waarom wou Gerrie nie koffie drink nie?		
1.7	Wat het Gerrie gedrink om van die ergste koue ontslae te raak?		
1.8	Waar sou hul die volgende aand slaap?		
1.9	Waarna het die “hoendertjie “ verwys?		
1.10	Was oom Tiekie al voorheen op die berge? Ja of Nee. Gee ’n rede vir jou antwoord.		
1.11	Hoe ken oom Tiekie en Gerrie se pa mekaar?		
1.12	Wat impliseer dat oom Tiekie dalk nie-blank is? Gee TWEE redes.		
1.13	Na wie verwys die Berg en die Heuweltjie, onderskeidelik?		
1.14	Met wie het oom Tiekie baie jare gelede gaan stap?		
1.15	Noem ten minste DRIE dinge wat aandui dat oom Tiekie en die ander mans jare gelede voorberei het vir hul staptog?		
1.16	Wat was die ander mans se beroepe?		
1.17	Waarom kon oom Tiekie nie in dieselfde hut as die studente slaap nie?		
1.18	Waar moes oom Tiekie daardie aan slaap?		
1.19	Op watter voorwaarde kon oom Tiekie moontlik as ’n” blanke man” behandel word?		

1.20	Het oom Tiekie en die studente daardie aand op die berg geslaap?
1.21	Waarom het die studente na oom Tiekie-hul se lokasie gegaan?
1.22	Watter tragedie het die studente getref?
1.23	Watter besluit het oom Tiekie by die studente se begrafnis geneem?
1.24	Sou jy sê dat oom Tiekie ’n man van sy woord is?
1.25	Waarvoor was Sneeukop bekend?
1.26	Hoe weet jy dat oom Tiekie hul die hoogste piek bereik het?
1.27	Wat doen ’n mens gewoonlik wanneer jy die hoogste piek bereik?
1.28	Van watter gevaar het Gerrie se pa hulle bewus gemaak?
1.29	Haal EEN woord aan wat sê hoe Gerrie gevoel het toe hy van die luiperd hoor?
1.30	Watter besering het oom Tiekie opgedoen?
1.31	Wat impliseer oom Tiekie se woorde aan die einde van die verhaal? “ Djy,djy’s die Berg wat my gehelp het met hierdie Sederberg”
1.32	Wat het Gerrie gedoen om hierdie woorde te verdien?

Die sederberge is nie vir sissies nie			**Willem Fransman**
Literêre aspekte:			
1.1	**Kies die korrekte antwoord uit Kolom B wat by die woord/stelling in Kolom A pas.**		
	KOLOM A		**KOLOM B**
1.1.1	Die verteldetyd in die binnevertelling	A	Postapartheidsera
1.1.2	Binnevertelling	B	Apartheidsjare
1.1.3	Die verteldetyd in die buitevertelling	C	21 uur
1.1.4	Ruimte	D	Die onherbergsame Sederberge wat vele uitdagings aan die stappers bied.
1.1.5	Buitevertelling	E	'n Bietjie langer as twee weke.
Antwoord	**KOLOM A**		**KOLOM A**
1.1.1	Die verteldetyd in die binnevertelling	E	*'n Bietjie langer as twee weke.*
1.1.2	Binnevertelling	B	*Apartheidsjare*
1.1.3	Die verteldetyd in die buitevertelling	C	*21 uur*
1.1.4	Ruimte	D	*Die onherbergsame Sederberge wat vele uitdagings aan die stappers bied.*
1.1.5	Buitevertelling	A	*Postapartheidsera*
1.2	Wie is die buitevertelling se protagonis?		
Antwoord	*Gerrie*		
1.3	Waarmee word Gerrie gekonfronteer?		
Antwoord	*Deur omstandighede*		
1.4	Wie is Gerrie se antagonis?		
Antwoord	*Koue en die berg/ luiperd*		
1.5	Wie is die binnevertelling se protagonis?		
Antwoord	*Oom Tiekie*		
1.6	Watter stelsel word deur die Algeria-bosboustasie beampte verteenwoordig?		
Antwoord	*Apartheid*		
1.7	Wie is die hoofkarakter(ronde karakter) in hierdie verhaal?		
Antwoord	*Gerrie*		
1.8	Watter TWEE gebeurtenisse het 'n verandering in Gerrie teweeg gebring (vormende invloed)?		
Antwoord	*Die koue en die doodsgevaar*		
1.9	Watter gevare moes oom Tiekie oorkom? Noem TWEE dinge.		
Antwoord	*Hy moes in die winter buite slaap. Die luiperd se aanval./politieke omstandighede*		
Inhoudsvrae:			
1.1	In watter graad is Gerrie?		
Antwoord	*Graad 10*		
1.2	Waar het Gerrie-hulle daardie aand geslaap?		
Antwoord	*In 'n berghut*		
1.3	Waarom was dit koud?		

Antwoord	*Hulle was bo-op ’n berg.*
1.4	Wat is die berg se naam wat hul gaan klim het?
Antwoord	*Sederberg*

1.5	Wat impliseer die woorde: “ berglim is nie vir sissies nie”?
Antwoord	*Dit is moeilik om berg te klim as gevolg van die gevare van die elemente en die jagdiere.*
1.6	Waarom wou Gerrie nie koffie drink nie?
Antwoord	*Dit maak hom naar.*
1.7	Wat het Gerrie gedrink om van die ergste koue ontslae te raak?
Antwoord	*Warm sjokolade*
1.8	Waar sou hul die volgende aand slaap?
Antwoord	*Wuppertal*
1.9	Waarna het die “hoendertjie “ verwys?
Antwoord	*Bottel brandewyn*
1.10	Het oom Tiekie al voorheen op die berge geslaap? Ja of Nee. Gee ’n rede vir jou antwoord.
Antwoord	*Nee. Hy en die studente het omgedraai.*
1.11	Hoe ken oom Tiekie en Gerrie se pa mekaar?
Antwoord	*Oom Tiekie het vir sy pa gewerk. Hulle het later vennote geraak*
1.12	Wat impliseer dat oom Tiekie dalk nie-blank is? Gee TWEE redes.
Antwoord	*Die Here het hom maar net in die oond vergeet./ Hy is ’n South African of colour. Hy het in ’n lokasie gewoon. Hoe hy praat.*
1.13	Na wie verwys die Berg en die Heuweltjie, onderskeidelik?
Antwoord	*Berg-George* *Heuweltjie- Gerrie*
1.14	Met wie het oom Tiekie baie jare gelede gaan stap?
Antwoord	*Met 4 blanke mediese studente van die buiteland.*
1.15	Noem ten minste DRIE dinge wat aandui dat oom Tiekie en die ander mans hul tyd geneem het om voor te berei het vir hul staptog?
Antwoord	*Rugsakke. Stewels (boots), permitte en vele meer*
1.16	Wat was die ander mans se beroepe?
Antwoord	*Mediese studente*
1.17	Waarom kon oom Tiekie nie in dieselfde hut as die studente slaap nie?
Antwoord	*Hy was nie-blank en dit was tydens die Apartheidjare*
1.18	Waar moes oom Tiekie daardie aan slaap?
Antwoord	*Buite onder die ope hemel*
1.19	Op watter voorwaarde kon oom Tiekie moontlik as ’n” blanke man” behandel word?
Antwoord	*As oom Tiekie ’n internasionale permit gehad het.*
1.20	Het oom Tiekie en die studente daardie aand op die berg geslaap?
Antwoord	*Nee. Hulle het almal opgepak en terug huis toe gegaan.*
1.21	Waarom het die studente na oom Tiekie-hul se lokasie gegaan?
Antwoord	*Hulle het daar gaan kuier*
1.22	Watter tragedie het die studente getref?
Antwoord	*Hulle het gesterf tydens ’n ongeluk met ’n Casspir.*
1.23	Watter besluit het oom Tiekie by die studente se begrafnis geneem?
Antwoord	*Hy sal eendag Sederberg uitstap/aanpak*
1.24	Sou jy sê dat oom Tiekie ’n man van sy woord is?
Antwoord	*Ja. Hy keer jare later terug om die berg te gaan klim*
1.25	Waarvoor was Sneeukop bekend?
Antwoord	*Koue en sneeu/ slegte weer*

1.26	Hoe weet jy dat oom Tiekie hul die hoogste piek bereik het?
Antwoord	*Hulle het hul pen ingeslaan.*
1.27	Wat doen ’n mens gewoonlik wanneer jy die hoogste piek bereik?
Antwoord	*Jy slaan jou pen in.*
1.28	Van watter gevaar het Gerrie se pa hulle bewus gemaak?
Antwoord	*Daar was luiperdspore.*
1.29	Haal EEN woord aan wat sê hoe Gerrie gevoel het toe hy van die luiperd hoor?
Antwoord	*Bang*
1.30	Watter besering het oom Tiekie opgedoen?
Antwoord	*Die luiperd het sy kuitspier deur sy broek gehap. Die kuitspier het los gehang*
1.31	Wat impliseer oom Tiekie se woorde aan die einde van die verhaal? “ Djy,djy’s die Berg wat my gehelp het met hierdie Sederberg”
Antwoord	*Dat Gerrie nou n man is.*
1.32	Wat het Gerrie gedoen om hierdie woorde te verdien?
Antwoord	*Hy het dapper opgetree deur hulp te gaan soek ten spyte van die koue en sy vrees vir die luiperd.*